VERJAARSDAE 30 TOT 5 SEPTEMBER 2010

08/29	COBUS	HOUGH	DF MALANLN 203A	Blok 2
08/29	JEAN-RIEGARDT	VAN STADEN	MOLTENOWEG 8	Blok 2
08/29	SONÉ	STRYDOM	HOFMEYERWEG 15	Blok 1
08/30	EMILY	BEKKER	REESTLAND WS 4	Blok 1
08/30	LEONI	MEISSNER	PRIDE OF INDIA 4821B	Blok 4
08/30	MADELAINE	STEYN	DF MALANLN 249	Blok 1
08/30	HANNES	VAN AS	DE LA REYWEG 26	Blok 4
08/31	ELISE	KRITZINGER	HANS STRIJDOMLN 146	Blok 2
09/01	SCHALK	BOTHA	VAN RIEBEECKLN 338	Blok 1
09/01	JOHAN	BOTHA	DF MALANLN 2	Blok 4
09/02	SIMONE	OPPERMAN	ERIKA WS 3	Blok 1
09/03	BRAAM	DE VILLIERS	KRUGERLN 12	Blok 4
09/03	DAN	JACKSON	HANS STRIJDOMLN 82	Blok 3
09/03	NATASHA	COLLINS	STANGERSTR 30A.	Blok 4
09/03	SUSAN	VAN DER BERG	HANS STRIJDOMLN 145(A)	Blok 3
09/04	CHRISTO	THERON	GEM VILLAGE EENHEID 23	Blok 4
09/04	REGGIE	COX	DF MALANLN 249	Blok 1
09/05	BEN	MAREE	FITZPATRICKWEG 21	Blok 2

HUWELIKHERDENKING

WOENSDAG, 1 SEPTEMBER

LOURENS EN MIETS STRUTHERS — PROTEA AFTREEOORD 114 Blok 4

Baie geluk aan Lourens en Miets wat op 'n heerlike lente Saterdag 54 jaar gelede in die huwelik bevestig is. Mag daar nog baie gelukkige jare vir julle wees (Blok 4).



Skakel my vir die koop
en verkoop
van eiendomme in
Lyttelton, Kloofsig en
Pierre van Ryneveld

ROMMELVERKOPING

Die volgende rommelverkoping vind plaas op **DONDERDAG, 9 AUGUSTUS** vanaf 06:30.

U kan nou reeds alles wat by u in onbruik geraak het aflewer by Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 (664 3364) of Dries Van der Merwe, Van Riebeeckln 149 (664 2469). Wat vir u nie meer bruikbaar is nie, kan vir iemand anders nog van groot waarde wees! Veral komberse.

Ons vra ook graag hulp met die merk van artikels **WOENSDAG 8 SEPTEMBER** vanaf 09:00.

Baie dankie vir u ondersteuning en hulp.

Ria en Dries.

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 29 Augustus 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 29 AUGUSTUS
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

MAANDAG, 30 AUGUSTUS
19:00 Bedienings– en Bedryfspan-vergadering

DINSDAG, 31 AUGUSTUS
18:30 Alpha-kursus

WOENSDAG, 1 SEPTEMBER
17:00 Biduur

DONDERDAG, 2 SEPTEMBER
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 5 SEPTEMBER
09:00 Erediens: Freddie Schoeman (Doop)
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

MAANDAG, 6 SEPTEMBER
19:00 Bedienings– en Bedryfspan vergadering

DINSDAG, 7 SEPTEMBER
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 8 SEPTEMBER
09:00 Merk van atikels vir rommelverkoping

DONDERDAG, 9 SEPTEMBER
06:30 Rommelverkoping

VRYDAG, 10 SEPTEMBER
18:00 Jeug: OppiKoffie

SONDAG, 12 SEPTEMBER
Deurkollekte Jeug
09:00 Erediens
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Elrinda Swiegelaar, Vegkop W/S 10, wie se vader ernstig siek is en tans in die intensiewe sorgeenheid is na 'n ernstig operasie. Hy sal nog 'n tyd lank in die hospitaal wees vir nasorg (Blok 1).
2. Oom Ernie Muller, DF Malanln 133 wat in die hospitaal opgeneem is (Blok 3).
3. Chris en Tienie Ackerman, Hans Strijdomln 40 met Chris wat aansterk na 'n operasie (Blok 4).
4. Sanette Hambridge, DF Malanln 127, wat nog las ervaar na die operasie (Blok 3).
5. Frieda Collins, Stangerstr 30a wat aansterk na 'n operasie (Blok 4).
6. Wynand en Wilma de Klerk, Krugerln 144 met Wilma se suster wat ernstig siek is (Blok 3).
7. Willie en Tania Neü, Cilliersln 249 met Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok 1).
8. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog wag vir 'n nier-oorplanting. Ons dra hom en die hele familie aan die Here op (Blok 2).

MEEGEVOEL

Ons betuig graag ons meegevoel met Wesley, Shereen en Adam Barnard, Witelsstr 1 met die afsterwe van Chanene.

Mag julle die Here se nabyheid en vertroosting ryklik ervaar in die tyd wat kom (Blok 4).

Parknaval

2010

Saterdag
18 September

- Kinderpretpark
- Walk your Dog
- Skyfskiet
- Vlooimarkstalletjies
- Ontbyt
- Pannekoek
- Kerrie en Rys
- Worsrolle
- En talle ander …

GEMEENSKAPSETE
Vrydag 17 September

PARKNAVAL
VERSOEK VIR PLANTE, BOEKE EN TYDSKRIFTE

Hermann Meier gaan weer, soos getrou in die verlede, die stalletjie vir plante, boeke en tydskrifte hanteer. Hy vra reeds nou al dat u vir hom bydraes kan laat kry of bring dit die 18de September na die terrein toe.

Tree in verbinding met hom by Smutsln 124 of skakel hom by 012 664 4790 of 082 473 9588

VERSOEK VAN RUSOORD

As daar lidmate is wat kan help met naaldwerk sal dit baie waardeer word.

Tree in verbinding met matrone Labuschagne. Telefoonnommer 012 664 5835

BAIE DANKIE …

Ria Maree sê baie dankie aan almal wat gehelp het met die maak van verversings en teebediening na die begrafnisdiens van Marie de Lange.

Ria wil ook graag haar waardering oordra aan almal wat altyd meer as gewillig is om hulp te verleen. Dit word opreg waardeer.

LENTEBASAAR

Doornkloof Familiekerk nooi almal uit om deel te wees van hulle lentebasaar op Saterdag 4 September vanaf 09:00 tot 14:00 by Leoniestraat 143.

Baie eetgoed te koop en baie speletjies om die kleingoed mee gesig te hou.

Navrae: Kerkkantoor (012) 667 4071
danita.marcus@ngdoornkloof.org.za

SPESIALE VERJAARSDAGWENSE

Aan Christo Theron ‘n spesiale gelukwense met die herdenking van sy 50ste verjaarsdag Saterdag 4 September.

Jou ouers sê baie dankie vir die ligstraal wat jy in hulle lewe is.

Ons as Gemeente sê vir jou baie dankie vir die mooi voorbeeld wat jy stel. Ons bid jou die Here se seën toe op jou lewenspad. Mag jy Sy liefde elke dag ervaar.

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis
van die lewe te ontdek

20 Julie 2010—21 September 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan
of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.

Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van 'n geloofsgemeenskap ken nie en bou 'n verhouding met hulle op.
Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.

Wil jy graag dien maar jy weet nie waar nie?
Wil jy weet wat jou talente en spesiale vermoëns is?

ONTDEK JOU POTENSIAAL

Kom vind uit waarmee die Here jou toegerus het
Ontdek jou onontginde natuurlike vermoëns en talente
en jou unieke samestelling
Kry duidelikheid oor jou beroepskeuse
Leer hoe om talente om te sit in areas van uitnemendheid
Verneem waar jy 'n unieke bydrae kan lewer

Werkswinkels hierdie jaar:
6 November 2010 (08:30—15:00)
Koste: R290
(Sluit in: 'n internet-toets wat vooraf gedoen moet word;
kursusmateriaal, verversings en 'n middagete)

Skryf in deur: 'n SMS te stuur aan 0845818139
'n Terugvoervorm te voltooi
Bywoning op ons Facebook bladsy aan te dui
(soek vir NG Gemeente Lyttelton-Oos)

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 0600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za
en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Vanweë die veiligheidsituasie is dit nie meer wenslik
om by huise te kollekteer nie.

GEMEENTEKAMP

8-10 OKTOBER 2010

KOM KUIER SAAM!

Karavaanstaanplek / Tente Kamers / Chalets

Plek is beperk—bespreek vroeg

Kontak Minari Nel (0843178820) vir meer inligting.

BEDIENING VAN VERSORGERS
VAN VOORSKOOLSE KINDERS

Hierdie bediening beoog om diegene wat by die versorging van peuters en kleuters betrokke is uit te nooi om op gereelde basis saam te kuier en te deel in die voorreg en uitdagings om na ons klein mensies om te sien. Hierdeur wil ons nie net mekaar ondersteun en bemagtig nie, maar veral fokus op die interaksie van die kinders met mekaar op informele wyse en onder ons toesig.

Daar is geen koste verbonde nie, slegs koffie of tee vir die omsieners en 'n snoeppakkie vir elke kind wat deur die versorger verskaf word.

Verdere inligting kan by my verkry word en ek sal ook die besoeke reel en koördineer.

Baie groete

Tina Haywood
Huis: 012 6642468
Sel: 0833529188
E-pos: tinahay@mweb.co.za

NG Gemeente Lyttelton-Oos
Visie: Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader



WAAR KAN EK BETROKKE RAAK?

Ons gemeente hardloop om twee bene: 'n bedieningspan en 'n bedryfspan. Die bedieningspan se taak is om die vyf kernprosesse (hierbo uiteengesit) van die gemeente te bestuur en die bedryfspan se taak is om die fassiliteite, finansies, administrasie, kommunikasie en personeel wat hiervoor nodig is beskikbaar te stel.

Ons het altyd te veel om te doen en te min menslike en finansiële hulpbronne! Daarom is daar altyd groot ruimte vir betrokkenheid.

As jy graag betrokke wil raak maar nie weet waar nie, woon gerus Maandagaand 30 Augustus (19:00) se Bedryf– en Bedieningspanvergadering en Maandagaand 6 September (19:00) se Bedryf– en Bedieningspanvergadering by of skakel Wally Haywood (Bedieningspanleier) by 083 272 7071 of Arie Roos (Bedryfspanleier) by 0825786595 of Freddie Schoeman (0845818139)
Kyk ook gerus na bedieningsgeleenthede op bladsy 5 en 6 van Die Herout.

2010 Vakansieprogram
NG Kerk Lyttelton-Oos

Dankie vir die deelname in Jun/Jul skoolvakansie program, dit was 'n seën.

Ons is reg vir die Vakansieprogram in

September/Oktober Skoolvakansie

Laerskool en Hoërskool kinders welkom.
Daar gaan baie gefokus word op vaardighede, selfstandigheid en PRET

Registreer vroedtydig om teleurstelling te voorkom.
Vir meer inligting, skakel

Susan 082 680 3682
Madelaine 082 354 2455

Ocean Basket
your sole provider
Saxbylaan, Eldoraigne

ONS EET WEER SAAM TEN BATE VAN DIE GEMEENTE

31 AUGUSTUS EN 1 SEPTEMBER 2010

NOOI ALMAL WAT JULLE KEN EN PAK DIE PLEK VOL!

KLUB IMMERGROEN STAP IN DIE DIERETUIN

Kajuitraad word gehou, waarheen sal ons vir ons uitstappie gaan.
Opedag vir pensioenarisse by die dieretuin bestaan
Almal is opgewonde, die uitstappie word beplan
Dan kom die vraag van sommige, hoe moet ons daarheen gaan?

Thea kry die opdrag, vervoer opsies moet jy nou vir ons reël
Almal moet tegelyk gaan, met veertig mense is dit nie speel
Busse en motors dit word bekyk, en dan die blink idee
Met "Worldcup" was taxis die inding met hul remme wat skree

Die voorstel word gemaak en deur meeste ook skepties oorweeg
Maar niemand waag enige teepraat, hulle kry dalk 'n taai oorveeg
Op die groot dag staan ons almal met 'n senuwee wat effens pla
Blinkskoon arriveer die taxi's en die bestuurders beleef soos ons eie pa

By die dieretuin aangekom, staan die tee en koek gereed.
Maar ons is nie die enigste en in die tou word die geduld gemeet
Willie het die antwoord, hy begin toe sy eie nuwe tou
En sommer gou daarna is ons geholpe en kan nou die koue aanskou

Vir dié wat moeilik loop was daar vooraf gholf karretjies gereël
Twee kyk na vore maar die ander se nekke die draai hul amper skeel
Diere word bekyk en lekker word daar geloop oor die hele gebied
Kwart voor 12 moet ons by Die Flamingo restaurant middagete geniet

Dan loop almal sleepvoet terug na die dieretuin se hoof hek
Ons moet nie laat wees anders verpas ons die taxis se vertrek
Veilig is die rit terug en ons babbel en raas tot by die kerksaal
As die geleentheid hom weer voordoen kan die taxi's ons maar weer kom haal

(Dave de Bruin)

KLUB IMMERGROEN — DANKIE ...

SEWEHONDERD EN VEERTIEN jaffels (714) is gemaak en verkoop! Ons het 08:00 begin en was om 11:00 klaar. Dit is voorwaar 'n wenspan!

Baie dankie vir u ondersteuning en donasies. Dankie aan almal wat kom help het en 'n GROOT DANKIE aan Klub Immergroen-komitee vir al die voorbereiding wat 'n groot taak was.

Die Dieretuin-uitstappie was net so 'n sukses en almal het dit geniet — ook die taxi's was vir ons 'n avontuur!

Dankie aan Thea Neser wat dit gereël het en die komitee se vooraf beplanning.

Groete

Rina van der Merwe

VERSORGINGSBEDIENING

Deel van die Here se droom vir ons gemeente is dat elke lidmaat hier tuis en geborge sal voel. Elkeen moet weet dat daar vir hom/haar omgegee word en dat wanneer daar nood is die gemeente gereed staan om te help. Vir hierdie droom om waar te word, het ons mense met "omgee-harte" nodig. Kyk na die bedienings hieronder en kom help daar waar die Here jou hart se punt heen trek!

BERADINGSGROEP
Ons is nie terapeute - nie net mense wat luister en omgee. Dit word baie streng vertroulik hanteer. Die bediening sluit in Trauma - soos dood in familie, inbrake ens. Ook Jeug-probleme – dwelms, drank, hantering van groepsdruk, ensovoorts.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

SIEKE / HOSPITAALBESOEK
Lidmate in die hospitaal word deur die leraar besoek maar dis by verre nie genoeg nie. Mense wat siek is en / of pyn verduur het mense se ondersteuning en onderskraging nodig. Kom help ons om dit te gee! **Kontak Freddie Schoeman (0845818139) Minari Nel (0843178820) Odie Odendaal (0126646526) of Heinz Meissner (0828068530)**

HELPMEKAAR
Kom ons help mekaar om ons talente en gawes te gebruik tot eer van die Heer!!

Om na ander uit te reik beteken ook om te help waar ons kan, veral in nood en ook wanneer ek tyd of oorvloed het. Vul gerus die vorm wat in die rakkies by die deure beskikbaar is in indien jy graag jou talente en vermoëns beskikbaar kan stel
Kontak Frik Strydom 082 4453784

VOEDSELBEDIENING
Dit is nie net vir mense wat nie kos het om op die tafel te sit nie. Dit is ook vir mense wat opgeneem word in die hospitaal; wat siek is by die huis; wat iemand aan die dood afgestaan het. Ons is daar om hulp te verleen vir twee tot drie aande se etes of enige iets anders wat nodig sou wees. Hier het ons die gemeente se insette en ore en oë nodig om ons in kennis te stel van sulke gevalle.
Kontak Arie Roos 0825786595

TELEFOONBERADING
Vrywilligers word benodig wat bereid sal wees om noodlyndiens te doen vir enige gemeentelid wat nie direk met iemand wil praat nie. Die bediening is 'n 24 uur bediening - dus moet u bereid wees om enige tyd beskikbaar te wees. Daar sal so gou moontlik 'n kursus aangebied word.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

VERVOERBEDIENING
Soms gebeur dit dat een van ons vervoer benodig om inkopies te doen, 'n besoek af te lê of 'n erediens by te woon. As jy bereid is om jou dienste in hierdie verband beskikbaar te stel …
Kontak Hardus du Preez 0828871364

BEGRAFNISBEDIENING
Kom help met die skink van tee en die voorbereiding van verversings met begrafnisse in die gemeente. Dis 'n liefdesdiens wat opreg waardeer word!
Kontak Ria Maree 0126643364

BLOKBEDIENING
Ons is op soek na blokleiers wat gereelde besoeke aan alle lidmate in bloksverband kan koördineer.
Kontak Kobus Badenhorst 0832351084

KLUB IMMERGROEN
Hierdie bediening fokus op ons senior lidmate en het onder andere ten doel om bejaardes te versorg. As jy lief is vir ouer mense, hier is vir jou 'n geleentheid om te dien.
Kontak Rina van der Merwe 0126642469

Weet jy van nood in die gemeente? Moenie huiwer om te skakel nie. Ons help graag waar ons kan.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

CMR LYTTELTON: 11 SEPTEMBER 2010
KOEKVERKOPING TE IRENE VILLAGE MARKET

Ons benodig:

Tien (10) gebak soos byvoorbeeld koeke; kolwyntjies; terte; beskuit; klein koekies; piesang-; dadel-; of gemmerbrode ensovoorts. Merk asseblief watter soort/geur die gebak is. (Koekhouers sal deur CMR verskaf word.)

Dit sal waardeer word indien u u bydraes kan afgee by Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 (012 3364) **DONDERDAG 10 SEPTEMBER NIE LATER AS 16:00**. Kontant bydraes sal ook baie welkom wees.

Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

MEV ANNAMARIE STEYN
SEKRETARESSE: CMR LYTTELTON

ATTESTAAT ONTVANG

Vanaf Wierdapark-Suid

Belydende lidmaat: Pierre-Jacques du Preez

Hy woon in Krugerln 102. (Blok 3)

Hartlik welkom by Lyttelton-Oos. Ons hoop jy sal baie gelukkig wees hier by ons.

Delta Kursus
Dissipelvorming deur Bybelstudie

Dinsdagaande 5 Oktober – 23 November 2010 om 18:30-21:00
Formaat: Interaktiewe kleingroep met sterk insette ten opsigte van kennis en inligting.
Daaglikse studie van ongeveer 30 minute
Benodig 'n vars nuwe Bybel!
Koste: R100 vir kursusmateriaal

4000 jaar in een aand Abraham tot Christus (Geskiedenis van Israel / Juda) Christus tot ons (Geskiedenis van die kerk) Bybel in Konteks – hoekom dit belangrik is. Beginsels vir studie van die Bybel Die Bybel is God se Woord in mensetaal Christus is die Lewende Woord. Ons ontmoet Hom in die Bybel.	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 3) Die boeke wat na die Ballingskap geskryf is Jesaja 56-66 Haggai en Sagaria Maleagi Esra en Nehemia Kronieke Jona en Rut Joël Ester en Daniël
Die tale van die Bybel Grieks en Hebreeus Manuskripte Teksoorlewering Kanonvorming Apokriewe boeke Literatuursoorte	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 4) Wie was Jesus regtig gewees? (Agtergrond en buite-Bybelse gegewens) Die boodskap van Jesus in die lig van sy sosiale konteks Ontstaan van die vroegste literatuur
Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 1) Die boeke wat voor die Ballingskap geskryf is (1000 v.C. – 586 v.C.) Genesis 2 en verder Eksodus Verhale oor Elia en Elisa Troonopvolgingsverhaal Amos en Hosea Jesaja 1-39 en Miga Nahum Sefanja en Habakuk Jeremia	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 5) Wie was Paulus regtig gewees? (Agtergrond en buite-Bybelse gegewens) Die kronologiese ontstaan van Paulus se briewe (Handelinge) Die Joods-Romeinse oorlog
Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 2) Die boeke wat tydens die Ballingskap geskryf is (586 v.C. – 539 v.C.) Esegiël Jesaja II Josua – 2 Konings Levitikus en Numeri Genesis 1	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 6) Evangelies en Openbaring